higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6

(4010216)

10 September 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

031Q1B2010

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die aangehegte ANTWOORDBOEK.
2. Skryf jou eksamennommer op elke bladsy van die aangehegte ANTWOORDBOEK.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Toon alle berekeninge tussen hakies, waar van toepassing.
5. Die BTW-koers van toepassing is 15%.
6. Die 2015-sillabus is gebruik.
7. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
8. Tipp-Ex mag nie gebruik word nie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN is van BTW vrygestel?

A Bruinbrood
B Water en elektrisiteit
C Inwoonakkommodasie
D Stampmielies

1.1.2 Watter tipe besigheidseienaarskap moet altyd geouditeer word?

A Publieke maatskappy
B Alleenhandelaar
C Vennootskap
D Privaatmaatskappy

1.1.3 Die … is ‘n belangrike dokument in ‘n maatskappy wat die interne, goedgekeurde reëls aandui waarvolgens die maatskappy bestuur word.

A notule
B aantekeninge tot die finansiële state
C memorandum van insluiting
D verslag van die direkteure

1.1.4 Die BTW wat deur ‘n maatskappy van die kliënte gehef word, word … genoem.

A BTW-kontrole
B uitsetbelasting/BTW
C insetbelasting/BTW
D BTW ingesluit/

1.1.5 Die … kan gebruik word om te bepaal of sekere tipes besighede geouditeer moet word of nie.

A howe
B openbarebelang-telling
C verslag van die direkteure
D verslag van die aandeelhouers

1.1.6 Die … sal ‘n sertifikaat van registrasie uitreik met die inlywing van ‘n maatskappy.

A Suid-Afrikaanse Inkomstediens
B Maatskappye en Intellektuele Eiendomskommissie
C bank
D raad van direkteure

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n … word aan 'n aandeelhouer uitgereik as bewys van eienaarskap nadat aandele gekoop is.

A Aandelesertifikaat
B Kwitansie
C Ouditeursverslag
D Finansiële staat

1.1.8 Uitkeerbare reserwes bestaan uit …

A teruggehoue inkomste.
B herwaarderingsurplus.
C aandelekapitaal.
D krediteurekontrole.

1.1.9 Volgens die Maatskappywet is … 'n openbaarmakende uitgawe in die inkomstestaat.

A salarisse
B direkteursfooie
C versekering
D korting toegestaan

1.1.10 Die … is een van die finansiële state van 'n maatskappy.

A staat van veranderings in ekwiteit
B proefbalans
C bankstaat
D bankrekonsiliasiestaat

(10 × 2) (20)

1.2 Gee 'n term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die finansiële staat wat die finansiële prestasie van 'n besigheid toon

1.2.2 Die persoon of persone wat aangestel is om 'n maatskappy te bestuur en besluite te neem vir die gladde funksionering daarvan

1.2.3 'n Persoon wat deur 'n publieke maatskappy aangestel is volgens die voorskrifte van die Maatskappywet, wat 'n onbevooroordeelde siening uitspreek oor die finansiële state van die maatskappy

1.2.4 'n Persoon wat aandele in 'n maatskappy besit

1.2.5 A besigheid wat vir BTW geregistreer is

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 2

2.1 Onderskei tussen die volgende:

2.1.1 Gemagtigde aandelekapitaal en uitgereikte aandelekapitaal

2.1.2 Uitkeerbare reserwes en nie-uitkeerbare reserwes

2.1.3 Voorkeuraandele en gewone aandele

2.1.4 Bedryfsbates en niebedryfsbates

2.1.5 Netto wins en teruggehoue inkomste

(5 × 4) (20)

2.2 Noem en verduidelik die VIER kwalitatiewe eienskappe van goeie finansiële verslaggewing. (4 × 2) (8)

2.3 Noem en verduidelik TWEE tipes BTW. (2 × 2) (4)

2.4 Jy het die volgende inligting van Ramaphosa Bpk. ontvang vir 31 Desember 2018.

Grond en gebou teen waardasie (kosprys R100 000)	120 000
Debiteurekontrole	10 000
Bank (gunstig)	30 000
Voorsiening vir slegte skuld (2017: R4 500)	3 200
Inkomste ontvang (opgelope inkomste)	1 930
Krediteurekontrole	17 200
Welwillendheid	30 000
Herwaardasiesurplus	?
Lopende gedeelte van langtermynlening	5 000
Langtermynlening	65 000
Teruggehoue verdienste (2017: R47 000)	?
Dividend uitbetaal aan aandeelhouers teen jaareinde	2 000
Netto wins voor belasting	22 500
Waardevermindering vir die jaar	2 000
Voertuig teen kosprys	20 000
Voorrade	23 000
Inkomstebelasting vir die jaar	13 000
Voorlopige belastingbetaling	6 000
Opgelope waardevermindering van voertuig aan begin van die jaar	4 000

Gebruik die inligting hier bo om die volgende vrae te beantwoord met betrekking tot die staat van die finansiële posisie van Ramaphosa Bpk. op 31 Desember 2018. Waar sekere items berekeninge benodig, dui dit tussen hakies aan.

2.4.1 Stel die deel van die niebedryfsbates op. (6)

2.4.2 Stel die deel van die bedryfsbates op. (6)

2.4.3 Bereken die bedrag vir die reserwes soos dit aan jaareinde sal verskyn. (6)

2.4.4 Stel die totale bedryfslaste op. (5)

2.5 Voltooi die volgende tabel deur aan te dui of die items onderworpe is aan BTW of nie en indien wel, teen watter koers. Dui die antwoord aan deur SLEGS 'n KRUIS (X) in die toepaslike kolom in die ANTWOORDBOEK te maak.

	BTW GEHEF		**BTW VRYGESTEL**
	0%	**15%**	
Rente op lening			
Skoolfooie			
Bruinbrood			
Skryfbehoeftes			
Bankkostes			
Witbrood			
Petrol			
Passasier padvervoer			
Koerierdienste			
Belastingheffing			

(10 × 2) (20)

[75]

VRAAG 3

Die volgende rekords verskyn in die boeke van Limpopo Traders CC, wat een lid het naamlik R. Masokameng.

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2018

Balansstaat rekeningeafdeling	**Fol**	**Debiet**	**Krediet**
Lid se bydrae	B1		45 000
Teruggehoue inkomste 1 Maart 2017	B2		10 000
Lening aan: R Masokameng (12%)	B3		175 000
Grond en geboue	B4	198 450	
Voertuie	B5	166 000	
Toerusting	B6	64 190	
Opgehoopte waardevermindering: Voertuig	B7		53 000
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting	B8		14 000
Handelsvoorraad	B9	106 550	
Debiteurekontrole	B10	38 920	
Bank	B11	12 300	
Los kontant	B12	93	
Krediteurekontrole	B13		55 329
SAID (Inkomstebelasting)	B14	42 250	
Nominale rekeningeafdeling			
Verkope	N1		577 780
Koste van verkope	N2	202 750	
Debteurekortings	N3	6 120	
Slegte skulde	N4	1 675	
Korting toegestaan	N5	4 270	
Korting ontvang	N6		1 075
Skryfbehoeftes	N7	1 388	
Telefoon	N8	4 450	
Water en elektrisiteit	N9	22 957	
Salarisse	N10	152 043	
Rente op lening: R Masokameng	N11	11 000	
Inkomste uit kommissie	N12		100 000
		1 031 184	1 031 184

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING

1. Twee maande se salaris is uitstaande.

2. Die water-en-elektrisiteitsrekening is betaal tot 31 Januarie 2018

3. ‘n Debiteur met ‘n rekening van R1 200 is insolvent verklaar. Sy boedel het ‘n dividend van 40c per rand betaal en dit is aangeteken. Die balans moet afgeskryf word. (Geen inskrywing is gemaak vir die slegte-skuld-deel van hierdie transaksie nie.)

4. Die lid het besluit om voorsiening vir slegte skuld te skep teen 5% van die debiteure.

Kopiereg voorbehou

5. Maak soos volg voorsiening vir slegte skuld:

   Toerusting teen 10% p.j. teen kosprys
   Voertuig teen 20% p.j. op afnemende saldo

6. Die lid het R5 000 getrek van sy lidbydraes en geen aantekening is gemaak nie.

7. Die lening van Masokameng is verhoog met R25 000 en korrek aangeteken op 1 November 2017. Maak voorsiening vir uitstaande rente.

8. Gedurende die jaar is uitbreidings aan die geboue gedoen. ‘n Faktuur is van die bouer ontvang:

UItbreidings	R30 000
Herstelwerk	R5 500

   Die boekhouer het verkeerdelik die grond-en-gebouerekening met die volle bedrag gedebiteer.

9. Die grond en geboue is met R10 000 bo die kosprys herwaardeer.

10. Die inkomstebelastingkoers is 28%.

11. 10% van die lid se bydrae met jaareinde is aan R. Masokameng toegeken.

GEVRA

3.1 Stel die staat op van die wins/verlies en omvattende inkomste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. (28)

3.2 Stel die staat op van die veranderings in ekwiteit vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. Veronderstel dat die netto wins vir die jaar R160 000 is. (7)
[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Die volgende inligting is van die rekords van Malapane Bpk. verkry met die finansiële jaareinde, Junie 2019:

UITTREKSELS UIT DIE STAAT VAN DIE FINANSIËLE POSISIE

	2019	2018
Gewone aandelekapitaal	4 575 000	4 155 000
Teruggehoue inkomste	1 290 000	1 050 000
Verbandlening: VSB bank	615 000	675 000
Grond en geboue	4 706 700	4 680 000
Voertuig teen kosprys	1 183 500	960 000
Opgehoopte waardevermindering van voertuig	313 500	210 000
Belegging in vaste deposito	390 000	285 000
Handelsvoorraad	532 500	675 000
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	225 000	172 500
SAID (Inkomste belasting)	Kt 22 800	Kt 135 600
Kontant in die bank	360 000	0
Kleinkas	15 000	7 500
Handels- en ander betaalbare rekeninge	372 000	146 250
Aandeelhouers vir dividende	270 000	288 750
Bankoortrekking	0	165 000

UITTREKSELS UIT DIESTAAT VAN WINS/VERLIES EN OMVATTENDE INKOMSTE

	2019	2018
Netto wins na belasting	870 000	1 200 000
Inkomstebelasting	780 000	1 050 000
Rente op lening	?	64 500
Waardevermindering	120 000	105 000

ADDISIONELE INLIGTING

1. Die staat van die verbandlening van VSB bank toon die volgende:

Saldo op 1 Julie 2018	675 000
Rente gehef	?
Betalings deur Malapane Bpk. om lening en rente te dek	(136 500)
Saldo soos op 30 Junie 2019	615 000

2. Die voertuig met ‘n kosprys van R43 500 en opgehoopte waardevermindering van R16 500 op datum van verkope, is verkoop teen boekwaarde.

3. Verbeterings is aan die kantoorontvangsarea aangebring.

4. Gewone uitgereikte aandele teen die einde van Junie 2018 was 1 031 250 aandele.
   Gewone uitgereikte aandele teen die einde van Junie 2019 was 1 125 000 aandele.

Kopiereg voorbehou

5. Tussentydse dividende betaal, is 32 sent per aandeel, terwyl die finale dividende verklaar is teen 24 sent per aandeel.

GEVRA

4.1 Stel die kontantvloeistaat op vir die jaar geëindig 30 Junie 2019. (16)

4.2 Stel die rekonsiliasiestaat op van die netto wins voor belasting na kontant gegenereer uit werksaamhede. (8)

4.3 Stel die staat op van belasting en dividende wat betaal is. (6)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem en verduidelik DRIE tipes verslae wat 'n eksterne ouditeur kan uitreik. (3 × 2) (6)

5.2 Noem DRIE verskille tussen 'n *interne oudit* en 'n *eksterne oudit*. (3 × 2) (6)

5.3 Noem VIER stappe van die interne oudit proses. (4 × 2) (8)

5.4 Verduidelik die volgende terme:

5.4.1 Nakomingsprosedure (2)

5.4.2 Substantiewe prosedure (2)

5.4.3 Interne kontrole (4)

5.4.4 Ouditbewyse (2)
[30]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou